

Weglaat van tekste in latere Bybelvertalings

Vraag:

“Ek het met verbasing kennis geneem dat daar 'n vers uit die 1953-vertaling "verwyder/weggelaat" is en nie in die latere vertalings van die Bybel voorkom nie. Die vers is Matteus 17:21. Die vers lui in die 1953-vertaling: Maar hierdie geslag gaan nie uit behalwe deur gebed en vas nie!

Ek sou graag wou weet wat die rassionaal/verduideliking agter hierdie weglating is, asook wat hierdie vers presies beteken? “

Antwoord:

Die teks is gewoon in latere vertalings weggelaat vanweë die feit dat dit nie in van die mees betroubare primêre brontekste tot ons beskikking voorkom nie. Die mees betroubare brontekste, is tekste waar daar nie twyfel oor die korrektheid van die teks is nie. Dit is nie weens mala fide weggelaat nie maar bloot omdat daar nie genoeg steun vanuit die brontaal tekste voorkom nie.

Daar is algemene instemming dat die vers in latere afskrifte by Markus 9:29 “geleen” is - waarskynlik in 'n poging om Markus en Matteus te harmonieer - of eenvoudig om meer inligting oor die onderwerp te gee - dalk was dit eers as verwysing in die kantlyn geskryf - en is dit toe deur die volgende kopieerder in die teks ingevoeg (Wim Vergeer).

Wanneer ons met 'n moeilike teks in die Skrif te doen het, is een van die belangrikste reëls vir skrifverstaan en uitleg om na ander tekste in dieselfde verband te kyk.

In hierdie geval help Mark 9:14-32 en Luk 9:37-45 ons. Dit help ook om ander vertalings van dieselfde gedeelte te lees.

Die weglating laat ons nie armer nie en verander nie aan die betekenis van die perikoop nie.

Oor die betekenis van die vers vir vandag - kan 'n mens eenvoudig sê dat toenemende en volgehoue toewyding en oorgawe aan God - (die lewe *Coram Deo*) - die invloed van die bose in mense se lewe beperk. Ons moet ook gelowig en met volharding bly bid vir mense wat die invloed van die bose in hulle lewe beleef (Wim Vergeer).

Peet Vermeulen